

**WENKBROU**



# Vegters

Lucia Prinsloo

**WENKBROU**

© Teks: Lucia Prinsloo 2019  
© Publikasie: Wenkbrou, 'n druknaam van  
LAPA Uitgewers (Edms.) Bpk.  
Bosmanstraat 380, Pretoria  
Tel: 012 401 0700  
E-pos: lapa@lapa.co.za

Geset in 10.5 op 14.5 pt Leawood  
deur LAPA Uitgewers  
Omslagontwerp: Ian Denneville  
Teksredakteur: Louis Esterhuizen  
Gedruk en gebind deur ABC Press

Eerste uitgawe 2019

ISBN 978-0-7993-9724-6 (gedrukte boek)  
ISBN 978-0-7993- 9725-3 (ePub)  
ISBN 978-0-7993-9726-0 (mobi)

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manier gereproduseer word sonder die skriftelike toestemming van die kopiereghouers nie.

*It is after the guns have fallen silent,  
The din of battle quietened, that the real fight begins –  
A fight that may last for the rest of their lives.*

SKH Prins Harry, Mei 2012

Vir my seun, Thinus

# Proloog

*Afghanistan: 2006*

Regardt het elke stukkie toerusting nagegaan en gekontroleer: seshonderd rondtes in sy bandelier; twee HE-handgranate en een rookgranaat; vyf liter water en 'n vier-en-twintig-uur-proviandpak; olie en skoonmaakkit vir sy geweer; 'n koeëlvaste baadjie waarin morfien, toerniket en noodverband is, asook 'n nagvisiemonokel.

Laaste en belangrikste is sy 5.56 mm-ligtemasjiengeweer wat hy in sy regterhand vashou.

Nou moet hulle aan die gang kom, dink hy. Hierdie gewaggery werk op sy senuwees. Hy kyk na Markus. Soos altyd lyk hierdie vriend van hom kalm en slag gereed. As hý stres, wys hy dit nie. Oor Markus se skouer hang die kragtige SA80A2 met 'n Underslung Grenade Launcher. Ewe ongeërg staan hy en opkyk na die hemelruim.

Dis voor sonop in Kamp Bastion. Sterre hang nog soos laagbrandende olielampe in die vroegoggend en 'n sekelman hou die nag nog 'n bietjie vas.

Markus laat sak sy oë en tree nader aan Regardt. Hy't daardie vasberade, nee eintlik verbete, trek om sy mond, sien Regardt.

"Bly aan die lewe, Redge," sê Markus en lig sy regterhand in 'n vuus.

"Jy ook, pêl." Regardt druk sy vuus teen Markus s'n.

“Kit on. Let’s go,” word die bevel geskree.

Dit is die laaste sending van 3 Valskermregiment se ses maande lange Afghanistan-dienstyd. Dan ses weke verlof. Huis toe. Maar eers: hierdie patroolie.

Regardt kyk na die soldate om hom. Hulle is gereed: helmets is opgesit, handskoene is aangetrek, knee guards is vasgetrek. Vandag gaan hulle hul reputasie van onverskrokkenheid gestand doen: Hulle gaan ingaan om skoon te maak; hulle gaan die vyand uit sy diepste wegkruipplek haal; hulle gaan die pad oopmaak vir ’n groter gevegs-mag.

Die Chinook staan reg.

Du-du-du-du-du begin die lemme van die reuseystervoël in tandem dreun.

Sy agterkant is oop, soos die bek van ’n draak.

Regardt sien hoe die quad bike met sy vierwielsleepwaentjie eerste die donker agterkant van die veghelikopter binnery.

Nou volg die rye soldate met hulle swaar kit op hul rûe.

Niemand praat nie. Hy gaan sit plat op sy boude sodat hy na die agterkant van die helikopter kyk, sy wapen met die loop na onder. Hulle sit soos sardientjies tussen mekaar se bene ingepak, reg om netnou soos blits hier uit te storm. Die enigste een wat staan, is die tail gunner met sy M60-masjiengeweer. Regardt sien hom duidelik afgeëts teen die oggendlig by die oop bek van die helikopter.

Hy kan sy hart vóel stamp hier binne sy borskas. Op sy bolip versamel sweetdruppels en hy kan nie voorbly om dit af te lek nie. Die lug wat hy inasem is gelaai met adrenalien en die afwagting van gevaar.

Van kontak.

Sy regterhand sluit stywer om sy geweerloop. Met sy ander hand voel hy weer of sy helmet reg sit, of die gespe vasgetrek is. Dan vou sy vingers om die twee plaatjies wat aan ’n tou om sy nek hang. Op die een is sy zapnommer en bloedgroep gegraveer: P9712 A Pos. Op die ander een: *Die Here is my Herder*. Die een het die British Army vir hom gegee, en die ander een het sy ma vir hom al die pad van die huis af gestuur, versigtig in ’n brief toegevou. Sy’t geskryf hy sal nie op grond van daardie woorde deur die vyand geïdentifiseer word nie. Hulle verstaan nie Afrikaans nie en hulle dien ’n ander god, het sy geskryf. Nie



dat hierdie plaatjie hom gaan beskerm nie, maar dit is tog iets tasbaars aangesien hy nie 'n Bybel of so iets by hom mag hê nie.

Hy maak sy oë toe as hy die metaalplaatjie styf in sy handpalm vasdruk.

Ma. Huis. Susan en Willem.

As ek iets oorkom, Here, wees met my ma en met Willem en Susan, bid hy geluidloos.

Nou neem die geraas van die propellers oor. Dis oorverdoewend hier binne en die soldatemassa in hulle woestyndrag word ru rondgeskommel wanneer die Chinook van die grond af lig.

Elke spier, senuwee en sintuig in Regardt Mulder se liggaam is nou ingestel op die situasie. Hy weet wat om te doen en hy visualiseer vir die soveelste maal wat moet gebeur. Soos hul instruksie is, en soos hulle geoefen het: Hulle gaan afgelaai word by Forward Operating Base Alpha. Dan patroleer hulle dieper die vyandelike gebied in. Daar is posisies wat die Taliban die heelyd gebruik om op die basis te skiet.

Vandag gaan hulle die vyand daar uithaal.

Hy is in B-Seksie wat een van die teikengeboue moet oorneem en dan die westelike flank bewaak. Die hele operasie vind binne trefafstand van basis Alpha af plaas. Hulle sal ondersteuning hê in die vorm van mortiere, swaar masjiengeweevuur en skerpskutters.

Die Apache-helikopters staan gereed vir lugondersteuning.

"Five minutes!" word die handsein van een na die ander aange-stuur.

Hulle staan op. Regardt skuif sy bril reg, maak gereed.

"Two minutes."

Hy moet nou vasstaan, want die chopper kom vinnig in. Low level flying sodat die vyand hulle nie sien nie.

Hy hou sy balans.

Du-du-du-du-du dreun die lemme en die gevegsmag is gereed vir aksie. Die spanning is voelbaar wanneer die ystervoël begin sak.

Wanneer die stert grond raak, het hierdie peloton wat uit vier seksies bestaan, presies veertig sekondes om die chopper te verlaat en posisie in te neem.

"Bly aan die lewe," was Markus se woorde.

Die stertklap raak grond en Regardt reageer outomaties wanneer die adrenalien deur sy liggaam skiet. Dis 'n brownout soos die helikopter sand opskop, maar hulle ken die roetine en die seksie gaan outomaties oor in sirkelverdediging.

Vinnig word laaste opdragte geblaf en die patrollie begin.

Ver op die horison stoei die nuwe dag om sigbaar te raak. Nou is daar nog net 'n gleufie lig, maar dit word gou groter en daarmee saam gaan die skroeiende son die wolklose hemelbaan betree.

Dis fighting season in Afghanistan. Dit is somer en die temperatuur styg maklik tot by vyftig grade Celsius.

Die wind roer nie. Hy bespeur geen beweging in die strate en tussen die geboue van 'n skynbaar slapende dorpie van modderhuisies tussen mielielande nie.

Seksiebevelvoerder Ben Black is in beheer van die swaar gewapende patrollie. Niemand vat kans teen die Taliban nie. Daar is 'n 7.62 General Purpose Machine Gun, die General, soos algemeen bekend, asook 'n 51 mm-mortier, AT4's, Claymore-myne en trip flares.

Alles lyk so verraderlik rustig.

Regardt is derde in lyn, met Markus verder na agter.

Stadig, eers in enkelgelid, dan in verspreide formasie, afhangende van die terrein en die handseine van die sersant, patroleer hulle vorentoe.

Hulle is net voor 'n bewerkte stuk grond.

Halt.

Doen 'n vinnige five and twenty scan: Regardt bestudeer die terrein direk voor hom. Waar hy moontlik wil gaan kniel. Soek enige aanduiding van myne wat daar geplant mag wees.

Dis ingedril in sy sisteem; dis deel van hom soos sy asemhaling.

Hier is oral IED's, oftewel Improvised Explosive Devices. Tuisgemaakte bomme.

Reeds van die Russe se tyd af is die harde woestynaarde vol landmyne en bomme geplant om enigiemand wat daarop trap, aan flarde te ruk.

"Take point, Mulder," sê sersant Ben Black skielik.

Shit.

Stadig beweeg Regardt, nou die leier van die patrollie, vorentoe.

Elke sintuig verskerp ineens en hy is tot breekpunt toe gespanne.

Die loop van sy masjiengeweer volg sy oë in 'n paadjie af tussen die geploegde land en dan verby die kleimuur van 'n gebou.

Alles verstar: geen voël in vlug nie, geen oggendgeluide wat vertel van 'n nuwe dag wat aangebreek het nie, nie 'n hoorbare asemteug nie.

Hy sien 'n man in lang, wit klere wat verby die muur loop en agter die gebou in verdwyn, 'n RPG oor sy skouer, onbewus van die patrollie.

"Enemy, twelve o' clock," fluister Regardt dringend in die rigting van die sersant.

Dan loop nog 'n vyand verby.

Instinktief, geluidloos, soos wilde diere wat bedreiging aanvoel en regmaak vir die aanval, spreid die patrollie uit in gebroke formasie agter 'n effense wal en neem blitsvinnig posisie in.

Regardt se wang rus teen sy geweerkolf.

Vir 'n sekonde wat voel soos 'n ewigheid, is daar niks.

Wooosshhhhhh vlieg 'n vyandelike vuurpylgranaat skielik oor hul koppe en tref die naaste gebou agter die patrollie. Die hele muur ruk uitmekaar.

Die geveg woed oombliklik in volle sterkte.

Binne enkele sekondes is vyftig rondtes klaar geskiet en Regardt herlaai met nog vyftig. Hy doen dit outomaties, berekend, instinktief.

Hy gooi nog olie op die werkende dele van sy wapen soos hy vuur.

Dis oorlog.

FOB Alpha ondersteun die voetsoldate van agter met mortiere en in die waas van ontploffings, skiet en beweeg, manoevreer die patrollie op die vyandelike geboue af.

Effens vooroor, masjiengeweer teen sy skouer vasgepen, soek sy oë na enige beweging tussen die stof en rook en chaos voor hulle.

Dan vlieg 'n AT4-projektiel van agter oor hul koppe en Regardt sien hoe tref dit die venster van die gebou voor hulle en met 'n vlamme stert en rook klap die projektiel met 'n helse slag iewers in die gebou vas.

Blackie gee die teken en hulle is teenaan die gebou: twee of drie ouens by 'n deur of kamer.

Check eers die deur vir booby traps. Skop oop en gooi 'n handgranaat in. Beweeg binnetoe ná die ding ontplof het.

Een beweeg links, een beweeg regs. Een hoog, een laag.

“Room clear!”

Die volgende twee of drie soldate beweeg verby en die prosedure word herhaal.

Steselmatig word elke hoek en gang en holte gefynkam. Hulle sal hierdie onsigbare slinkse vyand tot by die uithoeke van die aarde jaag.

Die gebou is skoon. Die geweervuur het tog 'n effe bedaar.

Handseine van die sersant.

Mulder, Barns, Craig en Manser moet op die dak kom om in diepte te kan kyk en dekking te gee. Die res van die seksie bly net hier en doen 'n blitsige hergroepering. Die geveg is nog lank nie verby nie.

Hulle beweeg na bo, Ben Black is voor.

Bereik die dak.

“Mulder! Cover the back.”

Dan skree iemand “Fuck!” wanneer hulle die Taliban sien en Martin Manser roep dadelik oor die radio vir mortiere.

Regardt kyk nie om om te sien waar hulle die vyand gewaar het nie.

Hy fokus op die agterhoede en dan skiet die Taliban van iewers af. “Man down!” sny die kreet deur sy adrenaliengevulde lyf. Toe hy omruk om te sien wie geskiet is, begin die mortiere vanuit basis Alpha oor hul koppe in die rigting van die vyand vlieg.

Sersant Ben Black van Portsmouth se gesig is so wit soos 'n laken en hy lê in 'n ontsaglike plas bloed.

Regardt storm terug. Te midde van 'n oorverdowende geveg word alles vir hom vreemd-stil. Terwyl masjiengeweevuur onophoudelik kletter, en mortiere en projektile oor hul koppe trek en in geboue vasvlieg en hele dorpies vernietig sodat die son verduister word deur die stof en rook, druk Barns 'n first field dressing koorsagtig op die gapende wond terwyl hulle die sersant van die dak af sleep tot by die seksiemedic wat dadelik begin om noodbehandeling toe te pas. Regardt sien die vierwielmotorfiets met sy spesiale waentjie wat aangejaag kom en hulle gespe Blackie, wat reeds sy bewussyn verloor het, daarop vas en in 'n stofwolk jaag die fiets weg.

Dit is die golden hour vir sersant Ben Black. Die eerste uur nadat hy getref is.

As hy nie sterf van skok, verlies aan bloed of inwendige trauma in die volgende uur nie, mag hy dalk bly leef.

Sy patrollie hurk agter 'n hoë muur, buite bereik van vyandelike vuur.

Tyd vir hergroepeer, water oor hul kurkdroë, gebarste lippe kry, iets eet en wapens skoonmaak.

Hy is moer toe moeg en adrenalien-befok. Sy oë brand van die stof en sand, maar hy het 'n oorweldigende gevoel van verligting dat hy nog leef; dat dit nie hy is wat met die quad bike afgevoer is en dalk in Engeland in die koerant of op Sky News gaan tuiskom nie. Hy het nog sy bene en arms en hy haal nog asem.

Regardt soek na Markus. Ja, daar hurk hy ook en leun met sy rug teen die muur. Niemand praat nie. Hulle kyk na mekaar en hier en daar lig 'n ou sy hand om iemand te groet.

Regardt lig sy waterbottel tot teen sy lippe. Sy ore suis en sy hande is vol olie en bloed soos hy storings reggemaak en sy geweer herlaai het. Hy voel hoe 'n geleidelike bewerasie van hom besit neem. Dis asof die adrenalien sy lyf verlaat, en in die plek daarvan bekruipt die realiteit van die intens gevaarlike situasie waarin hulle was en nog steeds is elke ledemaat, spier en senuwee.

Hoe maklik kan hy nie in hierdie ver, verlore land net vrekgeskiet word nie, het hy al soveel keer gedink.

Die son hang nou die hele, wye hemel vol en die hitte brand neer op die woestyn hier onder waar 'n seksie soldate soos spikkels teen 'n ou murasie vir 'n wyle vertoef.

Nou, sonder hul leier, begin hulle dadelik gereedmaak vir 'n moontlike tweede aanval.

Sy klere voel soos karton noudat die sweet droog word. Die reuk van lood en olie en rook hang swaar in die lug. Oral op sy lyf is brandplekke soos patroondoppies tussen sy klere beland het.

Elke tweede man is besig om sy wapen skoon te maak terwyl die ander een steeds paraat bly vir oombliklike aksie.

Meganies werk Regardt: eers die gassilinder, dan die skuifgedeeltes, dan die loop van die geweer. Stuk-stuk. Hy stroop nie sy hele wapen nie. Opleiding en instink neem oor, want hy dink nie, hy hoor nie, sy ore is toegeslaan van al die ontploffings en geweervuur. Sy oorlewingsdrang dryf hom. Hy wil lewendig hier uitkom. Hy móét lewendig hier uitkom.

Sy oë fynkam steeds elke sentimeter van die omgewing: elke klein skaduwee, klip of bossie, elke pad, gangetjie, muur of dak.

In hierdie wye oop land met afstande en stiltes wat tot in die oneindigheid strek, is die dood altyd net 'n kortkop agter jou. Selfs al het alle geweervuur gestaak en al hang daar 'n rookgrysstille oor alles.

Die seksie is gereed: alle wapens is geolie en gediens; elke soldaat het iets uit sy rantsoenpak geëet en 'n paar liter water gedrink.

Hulle wag.

“Prepare to move. Move out!” vorm korporaal Craig, nou die leier van die patrollie, se lippe die bevel en die handsein word aangestuur totdat die laaste man in die seksie die boodskap gekry het.

Die patrollie begin.

En saam met die middag word die hitte 'n lewendige ding.

Nóg 'n vyand om mee rekening te hou.

Hy voel en sien die hittegolwe opslaan met elke tree wat hy versigtig en berekend gee. Sy lippe is horingdroog, styf en gebars. Die sweet tap hom af, loop in strale onder die swaar helm uit, teen sy nek af.

Die hitte is gulsig. Dit wil hom dehidreer. Dit laat hom sy fokus verloor sodat hy later dubbelvisie het. Dit wil hê hy moet vergeet hoekom hy hier is en wat hy moet doen. Dit wil die dors en die drang om dit te bevredig, die oorhand laat kry.

En hy kan dit nie bekostig nie.

Hy kan nie bekostig dat die hitte die Taliban se bondgenoot word nie.

Want die Taliban kén hierdie plek. Hier is hulle gebore. Vir hulle is hierdie nie 'n dooie land nie. Vir hulle is hierdie nie 'n godverlate woestyn nie. Hierdie is vir hulle huis en haard. Hoekom anders dra hulle sulke koel wit klere en veg hulle soos diere vir waarin hulle glo?

Hulle sit en wag dat hy sag word, dat hy stop, sy hand van sy wapen afhaal en na sy waterbottel tas.

As hy nie konsentreer nie, trap hy nog 'n fokken IED af en die hele patrollie is in sy moer in en hy vir altyd vermink, flits dit deur Regardt se gedagtes.

Genadeloos brand die son neer. Meedoënloos gaan die offensief voort, dryf die valskermsoldate die vyand uit hul skuilplekke en jaag hulle die berge in.

Dit alles in 'n desperate poging om vrede en stabiliteit te probeer bewerkstellig in 'n land wat terreurmoeg is. Waar Al Qaeda se ter-

roriste opgelei word om die Twin Towers in Amerika te vernietig en bomme te plant en aanvalle te loods op teikens regoor die aarde.

Sekondes word minute en minute word ure. Die son volg sy tyd-same pad. Dit word laatmiddag. Dit word skemer. Hulle bereik FOB Alpha waar die Chinook wag en seksie vir seksie pak die afgematte valskermssoldate sy buik vol, en dan du-du-du-du-du die propellers en hulle lig van die grond af, op pad terug na Kamp Bastion.

3 Valskermregiment se ses maande lange Afghanistan-toer is verby.

Dit was die laaste missie. Binne enkele dae sal hulle vanaf Kaboel na Ciprus gevlieg word waar hulle twee dae in die Britse weermag-basis sal oorsaam om stoom af te blaas en “af te koel” voordat hulle volgens die weermag se kwansuise ondervinding en ervaring relatief gereed sal wees om weer die siviele wêreld te betree.

En dan kan hy en Markus, vir die eerste keer in twee jaar, vir ses weke huis toe gaan.

Huis toe.

Hy kyk na sy medesoldate. Hul liggame word willoos rondgeskud deur die helikopter, hul koppe hang.

Hulle is doodmoeg en hulle is getraumatiseer.

Sersant Ben Black is deur sy nek geskiet.

Hy kan leef, hy kan sterf, óf hy kan vir altyd verlam wees: 'n uiters fikse en toegewyde soldaat; 'n goeie leier en onverskrokke parabat.

Regardt dink aan die kort, effe bles Engelsman. Net voor hierdie laaste operasie het hy en Markus nog gesit en praat oor hoe hulle nou net moet huis toe gaan na hul eie mense toe, want die Vader weet, hulle is gatvol vir die spul Engelse om hulle met hul tattoos en hul aksente en hul donnerse gevloek. Sê ou Markus nog hy het nou al so aangesteek hy weet nie hoe hy dit gaan regkry om by die huis nié te vloek nie, want sy pa sal hom wegjaag as hy so praat.

Maar hierdie ouens: Hulle het skouer aan skouer saam geveg en sersant Black is 'n harde, dapper Engelsman met 'n vrou en twee kinders by die huis.

En nou's hy deur sy nek geskiet.

En dit is die kersie op die wrede koek van hierdie kakspul. Die laaste missie, nog 'n casualty, net om totsiens te sê.

# Deel I

*Port Elizabeth Internasionaal: Augustus 2006*



# Een

Die vliegtuig kantel diep as hy wyd gaan draai oor die see. Hier waar hy in die sitplek teen die venster sit, kyk Markus skielik af op die donker, metaalblou Indiese Oseaan met sy onrustige deininge wat groot golwe uitstoot na die strand daar ver onder hom. In die paar sekondes wat verbygaan voor die vlerk van die vliegtuig weer gelyk lig met die ander een, sien hy 'n paar massiewe vragskepe in die middel van die see, en 'n rotseiland waarteen die branders onrustig stamp en opskiet.

Nou gaan hulle geleidelik begin hoogte verloor terwyl hulle oor die hawe vlieg, dink hy, en dan gaan hulle land. Dan gaan hierdie eindelose reis verby wees en hoef hy nie verder die marteling van 'n beknopte vliegtuigsitplek wat sy bloedsirkulasie beperk, te verduur nie. Hoef hy nie weer vir ure en ure met 'n simpel veiligheidsgordel om sy lyf stil te sit met net Regardt hier langs hom om mee te praat nie. Hy kyk by die venster uit en sien hoe die grond al hoe nader kom. Hoe ver het hulle nie gevlieg nie: van Kaboel in Afghanistan, via Ciprus en Engeland, tot hier aan die suidoostelike kus van Afrika.

Die vliegtuig sak.

Hy kyk na Regardt. Glimlag vir hom.

“Ons is by die huis, Redge.”

Regardt knik net en glimlag tevrede.

Hulle sak nog laer af oor Port Elizabeth wat na alle kante toe, al

langs die kuslyn, onder hulle uitgestrek lê. Dan is hulle skielik oor die aanloopbaan en die volgende oomblik raak die wiele grond en die geknars en geskreeu van die remme is oorverdowend voordat die lugwaardin met 'n aangeplakte entoetiesme die passasiers in die Oos-Kaap verwelkom. Sy rammel die hele rympie af wat hulle nou al soveel keer op soveel verskillende lughawens in soveel verskillende tale en aksente moes aanhoor: bly asseblief sittend; hou jou sitplek-gordel aan; hou elektroniese toerusting afgeskakel tot die vliegtuig tot stilstand gekom het; wees versigtig wanneer jy die bagasieruimte bo jou kop oopmaak, want bagasie kon geskuif het tydens die landing; geniet jou verblyf in Port Elizabeth; ons sien jou gou weer op een van ons vlugte; dankie en totsiens.

Hy hoor niks daarvan nie. Hy voel ook nie meer sy moegheid en sy ongemak wanneer hy oomblikke later, nadat die vliegtuig tot stilstand gekom het, sy lang lyf uit die beknopte sitplek orent trek en sy handbagasie by Regardt aanvat nie. Nou wil hy net hier uitkom. Hy wil by die huis kom. Plaas toe gaan, Die Kinkel toe. Weg van vreemde mense en ver lande en herinneringe aan ellendige plekke en armoede en wreedhede.

Dan is hy op die trap buite die vliegtuig en dadelik druk 'n oostewind teen sy lyf en hy gooi sy kaalgeskeerde kop agteroor en trek die soutbelaaide seelug tot diep in sy longe. Hy lag kliphard as hy sien hoe Regardt onbeskaamd teen die trap afstorm, die sportsak wat hy as handbagasie by hom het op die aanloopbaan neergooi en uitbundig met sy hande in die lug skree: "Hie-haa!"

Hulle is so uitgelate dat selfs die ander passasiers moet glimlag.

"Met hierdie kaalgeskeerde koppe van ons dink die mense seker ons is twee bandiete wat pas vrygelaat is," lag Regardt terwyl hulle aanstap. "Ek hoop maar my ma herken my."

"Glo my, sy sal jou herken, Redge. Jy's net 'n ander skakering vanweë die baie son in Afghan, maar verder is jy maar nog so vet en lelik soos altyd."

"Dankie, pël. Fantastiese kompliment, komende van so 'n lang en maer bruin fok soos jy."

Hulle stap die aankomssaal binne en Markus se oë vlieg na waar die wagtende skare met hul neuse teen die ruite staan. Ná presies twee sekondes sien hy sy pa wie se lang gestalte bo die ander mense

uittroon. Sy pa lig sy hand in 'n groet en daar is nog hande by sy pa wat waai en te kere gaan en Markus glimlag breed as hy terugwaai.

“Redge, dit gaan crazy wees daar buite as ons uitstap. Ek dink ons twee moet sommer nou groet,” sê hy terwyl hy die bagasieband dophou vir sy sak.

“Jip, ek stem. Ek dink ons gaan mekaar vir 'n tydjie nie sien nie.” Regardt glimlag.

Markus kyk vir 'n oomblik aandagtig na Regardt. Korter en bonkiger as hyself, 'n man met 'n reusehart. Hier buite wag Regardt se ma, sy sussie, Susan, en sy loser van 'n broer, Willem. Dis nou as Willem die moeite gedoen het om te kom. Maar Regardt het nie 'n pa nie en sy familiesituasie is nie eenvoudig nie. Wonder wat gaan hy by die huis aantref?

Sy gedagtes word onderbreek toe hul sakke verbykom, en voor hulle omdraai om na die skuifdeure te stap, sluit hul regterhande in 'n groet.

“'n Tydjie hoef nie weke te wees nie,” sê Markus as hy in Regardt se oë kyk. “Ons moet op die water kom.”

“Geniet dit by die huis, Markus.”

“Jy ook.”

Hulle stap saam aan na die groot glasskuifdeure, albei met breë glimlagte op hul gesigte. Markus laat val sy sakke net daar as hy sy ma, Mariet, voor hom sien en maak sy arms wyd oop. Sy storm vorentoe en dan is haar kop teen sy bors en haar arms sluit om sy lyf.

“Ma! Ag jis, Mamma, dis lekker om Ma te sien,” en agter haar staan sy pa en terwyl hy sy ma net daar teen sy bors vashou, steek hy sy hand na sy pa uit. Sy ma wurm haar tussen hulle uit, en sy pa slaan sy arms om sy lyf.

“Welkom terug, my seun.”

“Dankie, Pa. Julle lyk só goed! Ek kan skaars glo ons is uiteindelik hier.”

Eers dan sien hy haar skuins agter sy pa. “Sus, maar is dit jy?!” Markus kan skaars die verbasing uit sy stem hou. “Ag hel, kom hier.” Hy omhels sy jonger sussie, Mia, en soen haar op haar mond. “Ek dog jy's op varsity?”

Mia lag en gooi haar lang, donker hare agtertoe. “Jy weet, as 'n mens so 'n briljante student is soos ek, draai jy die proffies om jou pin-

kie. Ek't 'n bietjie verlot gefvat, Boetie. Moes jou darem kom bekyk en groet. Jy lyk self nie te sleg nie, hoor. Ek laaik nogal van daai poenskop." Hulle lag.

"Ma, dis regtig al hoe ek en Redge die hitte in Afghanistan kon hanteer," sê hy half verskonend. "As jou kop kaal is, voel jy darem so nou en dan 'n effense koeligheid." Dan vir sy pa: "Kan ons ry, Pa? Ek wil op die plaas kom. Kom ons groet net vir Redge-hulle. Is sy ma-hulle almal hier?" Deur die geroesemoes van mense en die groetery het hy nog nie die Mulders raakgesien nie.

"Ja, hier's hulle nou net. Ag, Regardt, dis lekker om jou te sien," groet sy pa vir Regardt.

"Oom Francois! Ja, dis goed om Oom-hulle ook te sien. Hallo, tannie Mariet. Hi, Mia," groet hy die een na die ander. "Ek dink nie Markus het jou hier verwag nie, Mia. Jy lyk skoon anders sedert ek jou laas gesien het!" Hy glimlag vir haar.

"Wel, Regardt, dis twee jaar gelede, en baie dinge verander binne twee jaar. Jy lyk bepaald óók anders," korswel sy terug.

Een na die ander groet Markus sy vriend se gesin, vergaap hom vir 'n oomblik aan hoe lank Regardt se broer Willem geword het, en verwies hom terstond weer vir Willem se slap handdruk en hare wat in sy oë hang. Hemel tog, hy moet 'n bietjie army toe kom dat hulle hom kan reruk, dink hy vlugtig. Dan: "Mooi ry, Redge. Kom, Sus," roep hy vir Mia en tel sy sakke op.

Hy ken die pad huis toe, Gamtoosvallei toe, só goed. Hulle ry met die N2 van Port Elizabeth af weswaarts. Net duskant Jeffreysbaai gaan hulle die Gamtoosrivier oorsteek, en dan gaan hulle afdraai plaas toe.

Dis so sewentig kilometer en die omgewing is skilderagtig mooi. Die sonlig dans vanmiddag op die bergtoppe en die hele wêreld is groen en weelderig. Daar is geen wolke in die lug nie, net die helderblou hemel van Suider-Afrika wat tot in die oneindigheid oor alles uitgestrek lê.

Wat 'n skreiende kontras, dink Markus. Hoe kan dit hier so mooi en vreedsaam wees en daar waar hulle was, is dit net woestyn en dood en verwoesting? Langs die pad is spekvet beste rustig aan't wei in 'n omheinde kamp. Verder aan ry hulle by 'n klomp skoolkinders verby wat op pad huis toe is ná die skooldag. Hulle waai uitbundig vir die

mense in elke voertuig wat verbykom, spring op in die lug dat jy net bene en arms sien en lag met wye oop monde.

Hy voel weer hoe daardie knop hier in sy binneste stywer trek. Daardie groeisel of stuk onkruid wat voel of sy wortels oral indring en vasgroeï en wurg. Dit het in hom kom vasskop in Afghanistan en dit het 'n naam: Ontnugtering.

Hoe vol bravade en onoorwinlik het hy nie gevoel toe hulle die eerste keer in Kandahar aangekom het nie. Deel van die parabats, die Britte se elite-regiment. Onverskrokke, onoorwinlik, teen enigiets bestand. Hy het tydens opleiding elke toets en uitdaging met vlieënde vaandels geslaag. Hy het die toekening gekry vir die beste skut. Hy was Markus Meyer.

En toe sien hy wat kan in 'n land soos Afghanistan aangaan.

En toe kom meld *ontnugtering* aan.

En hier is sy ouers en sussie vol liefde en vrede asof niks intussen gebeur het nie. Geen teken van die spanning en die geweld van woorde wat die tyd voor hy vertrek het twee jaar gelede, gekenmerk het nie. Met geen, absoluut géén idee van wat hy intussen alles aangevang en beleef het nie.

“Dit lyk of dit baie gereën het, Pa,” begin hy gesels om sy gedagtes te keer. “Die wêreld is pragtig. Kyk net hoe blom die heide en sysselbos.”

“Ja, ons het baie goeie winterreëns gehad. Dit was soos manna uit die hemel na die versengende droogte.”

“Vertel my bietjie meer van die droogte, Pa. Julle het geskryf, maar dit was maar skrapse inligting. Het die rivier stand gehou? Die diere? Ma se tuin?” Hy sit sy hand hier van agter op sy ma se skouer en sy vou haar hand oor syne.

“Wel, soos jy jou ma ken, het sy haar rose natgegooi met water uit die badkamers en kombuis.” Sy pa glimlag. “Maar die boere was beperk deur 'n kwotastelsel en kon maar bietjies-bietjies water pomp. Dit hét maar moeilik gegaan, Seun, en ons het 'n swak oes gehad. Maar sedert Meimaand het dinge verander. En kyk hoe mooi is ons wêreld nou.”

“Fok weet, ek kan nie wag om op die plaas te kom nie.” Hy sien nie die geskokte uitdrukking op sy pa se gesig nie.

“Alles is in rep en roer daar vir jou koms,” sê Mia gou. “Niemand is

ooit só opgewonde as ek huis toe kom nie, glo my. Jy moet sien hoe Krisna te kere gaan.”

Hy lag. “O hete, Ma. Sy gaan my seker weer wil vetvoer,” en hy dink met toegeneentheid aan hul huishulp van baie jare.

“Ja, alles wat jou hart begeer is gebak en gereed gemaak. Jy bly maar haar witbroodjie,” sê Mia weer. “Ek wou voor ons ry vir my ’n skyfie melktert sny – dit was so lekker warm en vars gebak – maar sy’t amper ’n oorval gekry. Ek kon nie glo hoe sy te kere gaan nie.” Tog glimlag Mia terwyl sy gesels. “Ag toemaar, ek’s bly jy’s in een stuk hier, Boeta. Jy kan maar die eerste snytjie van die tert kry.”

“Kyk, Markus,” sê sy ma nou vir die eerste keer iets. “Ons is amper op die draai. Jy gaan nou vir Jeffreys en die see sien.”

Hy glimlag hier agter sy ma se sitplek. Vandat hulle klein was, was hierdie hoogtetjie ’n keerpunt in elke rit. As hulle om daardie draai gaan, gaan hulle die see sien, en hy voel skielik weer daardie klein-seuntjie-opgewondeheid soos so dikwels in die verlede. En dit is vandag ’n mooi en helder dag, alles so skoon en duidelik.

Die spanning in sy lyf gee skiet.

“Kom ons kyk wie sien eerste die see,” daag Mia hom soos telkens tevore uit.

Hulle leun albei vorentoe. Eers die lang opdraand voor die draai.

“As ek die see eerste sien, kry ek eerste ’n sny van jou melktert,” fluister Mia saggies en haar oë vernou tot skrefies soos sy kastig konsentreer.

“Daar’s hy!” skree al twee gelyk toe hulle op die hoogte uitkom en Jeffreysbaai se blou-blou see met sy wit brandersoom uitgestrek sien lê. Hulle lag en gee mekaar ’n high five. Dit bly darem bleddie mooi, dink Markus. Die oneindige sandstrand met die heuwel daaragter, toegebou deur Jeffreys se huise. Soos meerkatte op ’n knop staan hulle oor die see en uitkyk.

“Hier is Regardt-hulle nou net agter ons,” sê sy pa, en Markus en Mia kyk gelyk om en waai vir die Mulders in hul Jetta.

“Goeie timing,” antwoord Markus. “Nou gaan ons saam-saam die vallei sien en die rivier oorsteek.”

Dis ’n lang afdraand voor die rivier. Dis die laaste afdraand voor die vallei. Die rante aan weerskante van die pad is toegegroeï met aalwyne, noorsdoringbome en digte, ondeurdringbare valleibosveld.

Markus draai sy venster heeltemal oop. Hy wil die wind voel waai en die skoon lug van die vallei diep inasem. Hy wil die geur van die fynbos ruik en op sy lippe proe.

Die voertuie skiet teen die afdraand af en tussen die rante uit. Die wêreld gooi sy arms wyd oop. Na alle kante toe lê die Gamtoosvallei uitgestrek met groen landerye en vergesigte tot by die Hanekamberg wat baie blou op die horison lê en dan is hulle op die brug waaronder die stille Gamtoos sy oeroue roete see toe volg.

Hy steek sy kop by die oop venster uit. Sy oë volg die rivier se loop tot daar waar hy tussen die wit duine in die see uitmond. Hy voel die koel seelug oor sy kaalkop. Hard lag hy en uitgelate.

Wanneer hul voertuig 'n rukkie later voor die statige gewelhuis tot stilstand kom, vou die gevoel van bekendheid soos 'n skulp om sy hart. Markus sit vir 'n paar oomblikke doodstil en laat sy oë gly oor die bekende gesig: die pragtige ou huis waarvan die onderkant met sandsteenklip gebou is; die wye stoep wat hier van die voordeur se kant af omloop en uitkyk oor die vallei en die Gamtoosrivier; die twee gewels, een aan hierdie kant, en een aan die ander kant, pragtig omraam met sierlike sementwerk; die tuin wat uitgelê is tot teen die wal van die rivier, met rankjasmyn wat die draadheining heeltemal toegegroeï het en massas wit blomme na alle kante toe uitstort.

Vandat hulle van die grootpad afgedraai het en deur die plaashek gery het, het lanings wit Iceberg-rose hom verwelkom, almal oortrek met nuwe knoppe wat net wag om oop te gaan. As sy oë die paadjie deur die tuinkekkie volg tot by die trappe wat na die stoep lei, is dit net blommende laventel aan weerskante. Eers verskyn Diesel, hul geliefde bulterriër, en dan Jaws, sy ma se chihuahua, agter die tuinkekkie.

Markus spring uit die kar uit. "Diesel, my brak. Jaws, jou stoepkaker!" en hy raap die keffende chihuahuatjie met een hand op terwyl hy Diesel se kop vryf en dan sommer op sy hurke sak en die hond teen hom vasdruk.

"Hulle is so bly om jou te sien, Markus," lag sy ma.

"Jis, Ma, dis so lekker."

Hy sit Jaws neer en kom orent, kyk uit oor die werf na die skuur se kant toe. Netjies, soos sy pa daarvan hou: implemente natuurlik in die skuur, trekkers en vragmotors onder afdakke ingetrek, alles in stand gehou en versorg.

Daar's geen werkers of aktiwiteit te bespeur nie, want dit is Saterdagmiddag, besef Markus. Stil en vreedsaam.

"Kom, Markus," sê sy ma. "Krisna het gesê sy gaan nie huis toe nie. Sy wil jou sien en eers seker maak jy kry genoeg kos ná jou lyding daar ver wie weet waar." Hulle lag. "Sy kan maar net nie verstaan vir wat foeter jy en Regardt so ver weg om iewers tussen buk en bekruipte gaan oorlog maak nie. Ons het al probeer wys op 'n wêreldkaart en dan skud sy net haar kop in totale ongelooft."

Hulle stap met die stoeptrappies op en die soet geur van jasmyn hang swaar in die middaglug.

"Ma se tuin is mooi," sê hy.

"Dankie, my kind. Ja, hierdie jaar het alles goed uitgewerk met die reëns wat op die regte tyd gekom het. Ons gaan nou lekker koffie drink daar onder die wildevy, dan wys ek jou die nuwe beddings wat ek aangelê het."

Hy stap agter sy ma by die voordeur in, en neem die sit- en eetkamer met een oogopslag in: alles net presies soos dit nog altyd was. Hy stap verby die pragtige lang geelhouttafel waarby elke ete nou al vir 'n paar geslagte lank geëet word. Het sy oupagrootjie nie nog hierdie tafel al die pad van die Kaap af gebring op 'n ossewa nie? Verby al die mooi, bekende en kosbare erfmeubels draal hy oor die dik, ryklik versierde Persiese tapyte tot in die gang. Reguit af verby die foto's en skilderye wat ook al vir geslagte bewaar en opgepas word, tot in die kombuis.

Op hierdie presiese oomblik gooi Krisna, hul getroue huishulp/kok/oppasser, die lepel waarmee sy besig was om iets op die stoof te roer, met 'n gil neer.

"Markus, jou tronkvoël, jy's maer en uitgeteer! Kom gee hierdie ou vrou 'n drukkies man, ons het ons vrek geverlang vir jou!"

"Krisna, my ou engel," lag Markus as hy afbuk en sy arms om haar ronde skouers vou en haar 'n stywe druk gee. As daar nou iemand is wat nié maer en uitgeteer is nie, is dit Krisna. En sy's vreeslik kort. "Gaan jy my gou weer lekker vet voer, Krisnatjie? Ek het vreeslik swaar gekry, hoor!" Hy lag. "Waar's die melktert en die koffie? Ek ruik die kaneel, en ek soek dit en moet nou nie skaam wees nie. Hang die stoor vol biltong? Is die skaapboud in die oond?"

"Nog net so vraatsig soos altyd," lag sy uitbundig sodat hy skaars haar oë kan sien soos hulle toegevoer word deur lagplooitjies. "Ja man,



jou mamma is al vir weke besig om als reg te kry, en ons moes dag en nag werk om die plek te spring clean. Hierso, Mevrou,” sê sy en tel die silwer skinkbord van die blad af, “voor die kind die hele tert gryp.”

“Dankie, Kris. Kom, Markus.” Sy ma kyk oor haar skouer voor sy in die gang af stap. “Sal jy die koffie bring, asseblief, Krisna?”

“Ek bring, Mevrou,” antwoord sy en haar hele lyf en groot boesem skud soos sy innerlik lag van plesier. “Hi, om te dink die hele fêmilie is vir ’n slag weer hier. Iewers gaan hierdie nikswerd van ’n Markus my seker weer gryp en kielie tot ek flou word,” praat sy met haarself.

Markus steek vas waar hy besig was om agter sy ma in die gang af te stap. Hy kan sy lag nie hou nie, want hy het elke woord gehoor. Hy sluip terug en steek sy kop om die kombuisdeur: “Ek het dit gehoor, Krisna! Laat ek net een keer sonder koffie en koek sit, of praat net een keer teë en dis sulke tyd,” waarsku hy gemaak ernstig.

“Ag, voertsek, Markus. Ek wag vir jou met hierdie houtlepel,” lag sy en swaai die lepel in die lug rond.